## 'N ONTLUIKENDE KUNSTENAAR

WALTER WESTBROOK

Uitgestrek lê die hardgebakte en oopgebarste blou-rooi grond van die Kimberleyse diamantvelde. Die aanloklikheid wat hierdie delwerye inhou vir die laaste klompie bittereinders wat in die brandende son swoeg in hul soektog na die immerwykende blink steentjies wat onder die stowwerige aarde skuil, is haas onverklaarbaar. Die voortdurende grawe, sif en was van die gruis, is tiperend van die vasberadenheid van die delwers wat aldeur maar droom van die fortuin wat iewers verborge lê.

Die wese van 'n omgewing dring dikwels in die eerste plaas tot die gevoelige kunstenaar deur en roep hom daartoe op om wat ontbreek, aan te vul. Die kunstenaar raak meteens bewus van iets wat noodgedwonge gedoen móét word: hy besef dat dit op hóm alleen aangewese is en dat hy alleen die middel ter voltooiing moet verskaf. Die onmiskenbare skelheid van die Klein en Groot Karoo het alreeds in die vorige eeu tot die amateurkunstenaar gespreek. As een van die eerste toegewyde skilders uit hierdie bodem, is dit Volschenk wat die onderskeiding van „Vader van die Suid-Afrikaanse Kuns" verdien.

Om die mistiek van Kimberley en sy distrik te skilder, is vir die hedendaagse kunstenaar 'n baie groter uitdaging, en is dit inderdaad, die



*Delwers, Vaalrivier-bedding, 1961.*

betowering en vonkeling van diamante ten spyt, iets baie meer subtiels as die flamboyante Karoo.

Só het Walter Westbrook Kimberley moontlik gesien toe hy sestien jaar gelede daar aangekom het. Sy skilderye van die delwers en delwerye, weerspieël hierdie innige waardering vir die volgehoue strewe van die delwer na die vervulling van sy ideale. (Sien *Panorama,* Vol. 10, nr. 11, November 1965, bl. 38-39.)

Westbrook is 'n betreklike jong en tog sensitiewe kunstenaar met die nodige erns en vitaliteit. Hy het die seldsame vermoë om die romantiese in die alledaagse raak te sien. Hy nooi die toeskouer om saam met hom die alledaagse dinge te ondersoek en die estetiese daarin te ontdek: die ruwe delwer, sy verroeste sif, die gebuigde emmer, die ronde spoelklippies in die gruis met hier en daar 'n groen sprietjie wat onverwags tussen die vaal sy verskyning maak, die knoetserige boomstam of skewe sinkdak, die kaal karoobossie of vervalle pondokkie, en die bebaarde gesig van 'n verwaarloosde boemelaar. Ongetwyfeld het Westbrook die uitdaging aanvaar om 'n tegniese vaardigheid van sy eie te ontwikkel wat hy kon toepas op die omgewing waarin hy hom bevind.

Van hom skryf prof. F. A. van Jaarsveld, hoof van die Departement Geskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit, soos volg: „As mens word Walter Westbrook gekenmerk deur sy lewenslus, dinamiek, entoesiasme, werkywer en sy liefde vir die natuur en geskiedenis. Hiervan getuig sy skilderwerk. Met groot sorg het hy dokumentêre skilderye en sketse gemaak van ou historiese plekke en geboutjies en veral die diamantdelwerye van sy omgewing. Hy wil die herinnering daarvan vaslê, want eersdaags weet hy, sal dié historiese dinge verdwyn.

„Verder skilder hy die natuur in die omgewing van Kimberley. Hy het sy omgewing innig lief, soos hy Suid-Afrika, ons vaderland, lief het. Die ruimtes, die dieptes en die gees van ons landskap, dit probeer hy op doek of papier vaslê. Hy kry die natuur wat deur sy oë gegaan en deur sy hand gestalte gekry het, ook lief. Hy het die veld leer ken deur noukeurige studie, selfs van die mees onbenullige doringplant.

„Dan is daar nog sy oog vir die gereflekteerde sonlig van ons landskap; dit geld veral sy uitbeelding van die Kimberleyse dorpsgebiede. Hy het opgemerk hoe die landskap van huise en strate lig en los en swewend word in fel sonlig; hoe lig weerkaats van blink vlakke. Nog selde is landskap met gereflekteerde sonlig so oortuigend uitgebeeld as in die werk van Walter Westbrook."

Walter E. Westbrook is op 3 Augustus 1921 in Pretoria gebore. As jong kind, vertel sy ouers, het hy dikwels Anton van Wouw se modelleerklei geneem om klein diertjies te vorm. Van Wouw se aanmerkings was altyd: „Mooi so, ou seun! Dit lyk belowend." Hiervan kan Westbrook self nie veel onthou nie. Sover hy kan onthou, begin sy talente op agtjarige ouderdom tot uiting kom. Met sy eerste blikkie waterverf skilder hy veral diere. Hoekom hy geteken het, kan hy nie sê nie — hy het doodeenvoudig net begin.

Hy ontvang sy skoolopleiding aan die Pretoria Boys' High School waar hy van Walter Battiss onderrig ontvang. Kort voor die aanvang van die Tweede Wêreldoorlog, sluit hy by die Suid-Afrikaanse Polisie aan en op negentienjarige leeftyd vertrek hy met die Polisiebrigade na die Noorde op aktiewe diens, en waar hy o.m. die Militêre Medalje vir dapperheid ontvang. Gedurende die oorlog het hy maar min geleentheid om ernstig te skilder, hoewel hy tog 'n paar skilderstukke voltooi, een waarvan tans in die Nasionale Oorlogsmuseum te sien is. Toe sy brigade in 1942 by Tobroek gevange geneem is, ontsnap hy en vlug na Castel Nova de Farfa waar hy die Italiaanse skilder Fransisco Caprioli ontmoet. Hy kry nou die geleentheid om vir agt maande lank feitlik elke dag les te neem terwyl die Italianers hom versteek. Hy word weer eens deur die Duitsers gevange geneem, ontsnap en vind skuiling in Florence. Na die vredesluiting in 1945, bevind hy hom in Londen. Hy besoek die groot kunsgalerye en voel hom veral aangetrokke tot die werk van Vincent van Gogh, Gezanne, Augustus John en Picasso in wie se werke hy inspirasie vind.

Na Westbrook se terugkeer na Suid-Afrika, kom hy in aanraking met Alexis Preller en Pierneef, twee persone wat hom gedurende 'n moeilike aanpassingstydperk met raad en daad bystaan en aanmoedig.

In 1947 hou Westbrook sy eerste uitstalling by die Schweickerdt-galery in Pretoria. 'n Kunskritikus skryf soos volg oor hierdie uitstalling: „He has caught the movement of the African scene . . . and has artistically and colourfully made a poem out of the confusion."

In die daaropvolgende jaar hou hy weer 'n eenmanuitstalling by Schweickerdt. In 1949 en 1950 stal hy uit op die Suid-Afrikaanse Akademie in Johannesburg. In 1951 word hy verplaas na Kimberley waar hy begin met die skilderdokumentering van ou Kimberley en sy kleurlingbuurt.

In 1958 tree hy in die huwelik met Hilda Elizabeth Stander, maar kort na sy huwelik breek daar vir Westbrook 'n tydperk van beproewing aan. In 'n ongeluk met 'n elektriese saag verloor hy sy regter wysvinger en is die ander vingers van sy regterhand tydelik ernstig beseer — 'n ongeluk wat byna die einde van sy kunstenaarsloopbaan beteken het.

Toe hy op kort kennisgewing weer na Pretoria verplaas word, sien hy nie kans om sy geliefde Kimberley vaarwel te sê nie en besluit hy om die Polisiediens te verlaat.

Na 'n siekbed verloor die egpaar se seuntjie Lionel sy gesig. In die tekening van sy blinde seuntjie, is mens bewus van die patos wat weerspieël word in die onsiende ogies en die pleitende handjies. Die liefde en teerheid wat die kunstenaar vir sy kind voel, spreek uit die delikate lyne. Terugslae het Westbrook se gees nie gedemp nie. Beproewing het hom slegs aangespoor om hom as kunstenaar uit te leef.

In 1959 aanvaar hy 'n aanstelling as welsynsbeampte by die Kimberleyse diamantmyne, waar hy tans nog werksaam is.

Intussen stal hy verskeie kere uit in Pretoria, Kimberley, Bloemfontein en Kaapstad. Die William Humphrey-kunsgalery te Kimberley (*Lantern,*

Jaargang 10, nr. 1), sowel as die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum te Kaapstad, koop 'n aantal van sy skilderye. Vir die De Beers-maatskappy en die St. James Anglikaanse Kerk in Kimberley, het hy elk 'n muurskildering voltooi. Onlangs het die besoekende Amerikaanse wetenskaplike, dr. Arthur Sloan, vyf van sy skilderye aangeskaf, wat beteken dat daar reeds twaalf van sy skilderye in Amerika is. Verder is daar ook van Westbrook se werk vir die 1964 Quadrenniale van Suid-Afrikaanse Kuns aanvaar. Ook is 'n hele aantal van sy skilderye vir die Bloemfontein Groep Tentoonstelling (1966), wat landswyd vertoon is, aangeneem. Met sy jongste eenmanuitstalling in Pretoria, het prof. Walter Battiss, wat die opening waargeneem het, die volgende stelling gemaak: „This exhibition has established Walter Westbrook as an artist." In 1967 het sowel die Kunsmuseum van Pretoria as die van Bloemfontein elk een van sy werke aangekoop.



*Delwers, Christiana, 1960.*

Laat ons kortliks die kunsstyl wat Westbrook in sy skilderye tot nou toe openbaar, in oënskou neem en laat ons sien hoe hy inpas in die sfeer van hedendaagse Suid-Afrikaanse kuns.

Westbrook se styl is ongetwyfeld ekspresionisties, maar neig soms na impressionisme, soos dan ook deur die meegaande foto's geïllustreer word.

Sy vroeër straat- en landskapstonele het hy op 'n suiwer realistiese wyse geskilder en die invloed van Piet van Heerden en Gregoire Boonzaier

wat op hul beurt weer deur Wenning beïnvloed is, is duidelik sigbaar. Ook Jentsch, die kunstenaar uit Suidwes-Afrika, het sy merk op Westbrook se vroeëre waterverfskilderye gelaat en in talle van dié, kan 'n mens skaars tussen die twee kunstenaars onderskei.

In sommige van sy werke is 'n mens bewus dat die kuns van Walter Battiss 'n baie groot onderliggende invloed op Westbrook moes gehad het. Westbrook erken dan ook self dat Battiss 'n besliste bydrae tot sy ontwikkeling gelewer het, veral met betrekking tot sy waarnemingsvermoë en sy siening van kleur. In sy jongste skilderye en tekeninge is Westbrook egter besig om 'n styl te ontwikkel wat eie aan hom is. Hy het grootliks daarin geslaag om die invloed van ander kunstenaars af te werp, maar nietemin weet hy hoe om op persoonlike wyse van die ouer kunstenaars se voorbeeld gebruik te maak.

Westbrook het die natuurlike talent om die ware atmosfeer van die toneel wat hy skilder, vas te lê. Die indruk wat mens van sy kunswerke kry, is een van klare skoonheid. Hy toon 'n opregtheid in sy benadering en vermoë om die taak wat hy homself opgelê het, uit te voer. Al is hierdie taak primêr die dokumentasie van volks- en landsgeskiedenis, is sy werk nogtans skeppend en kragtig.

Dit is merkwaardig hoe hierdie kunstenaar deur die beskeie gebruik van die midde-spektrale kleure daarin slaag om 'n skildery of tekening vir ons daar te stel — in wese verskillend van die natuurlike voorkoms, maar nogtans met die onmiskenbare ware kwaliteite en gees van sy onderwerp. Die kunstenaar het 'n diepe aanvoeling vir die verwantskap tussen kleure en met bekwaamheid kan hy hulle knap saam gebruik om dieselfde effek te verkry as hulle eweknieë in die natuur. Dié werke getuig dat Westbrook 'n koloris by uitstek is. Westbrook beskik ook oor 'n besonder fyn aanvoeling vir komposisie en vorm. As tekenaar is hy briljant en sy sterk lyne en ritme, getuig van selfvertroue. Hy beskou tekenwerk as van kardinale belang en meen dat hy sodoende sy liefde vir en kennis van die anatomie van die landskap verbreed.

Die landskap van Noord-Kaapland, is 'n landskap van uiterstes. Dor, onbarmhartig en wreed en tog het dit 'n magnetiese bekoring vir Westbrook. Dit is maklik om te verstaan as 'n mens in ag neem dat hy 'n groot deel van sy ontwikkelingsjare as kunstenaar, in die Westelike woestyn gedurende die Tweede Wêreldoorlog deurgebring het. Hy slaag daarin om die landskap in al sy stemminge te skilder. Dit kan slegs 'n kunstenaar doen wat oor 'n besonder fyn waarnemingsvermoë, dieptesiening en gevoel beskik. Die kunstenaar het die skildermoontlikhede van die Kimberleyse toneel en die vissersdorpies langs die Kaapse kus raakgesien en het hulle met soveel bedrewenheid ingewerk en ingeweef in sy skilderye en tekeninge dat hulle heeltemal nuwe betekenis kry.

Alles in aanmerking geneem, bestaan daar min twyfel dat Westbrook se werke waarskynlik nog as die enigste kunstenaarsdokumente van die reeds vinnig verdwynende Kimberleyse toneel van weleer sal wees.

M. en E. Schoonraad.